

14 Oktober

Skrifgedeelte: Ester 8

Tog medewerkers in God se diens

Alhoewel die Here se optrede in ons lewe die deurslag gee, gebruik Hy ons ook as medewerkers in sy diens. Ons kan nie ons verantwoordelikheid ontduik met die gedagte dat die Here in elk geval alles sal beskik nie. Dit blyk baie duidelik uit Mordegai en Ester se optrede in hulle krisis. Hulle het hulle vertrouwe op God gestel, gebid en gevas en toe self aan die werk gespring. Hulle het elke geleentheid aangegryp om op te tree om die lewe van die gelowiges te beskerm. Mordegai en Ester maak planne en stel dit in werking. Ester gaan pleit by die koning en hy gee toe aan haar versoek. Sy en Mordegai tree dadelik op om 'n nuwe proklamasie uit te vaardig wat die eerste proklamasie van hulle doodsvonnis kanselleer, deur die opdrag dat die volk hulleself kan verdedig teen hulle vyande.

Ek en jy het ook 'n verantwoordelikheid. Die Here wil jou ook gebruik om 'n verskil te maak in die wêreld waarin Hy jou roep. Ons mag nie terugsit en dink die Here moet maar voorsien nie. Nee, ons moet elke geleentheid gebruik. In elke krisis en elke beproewing is daar vir jou 'n geleentheid om self iets aan die saak te doen. Jy kan nooit sê: Ek kan niks hieraan doen nie. Dis maar net 'n lui manier om jou verantwoordelikhede te ontduik.

Glo jy dat die Here voorsien? Weet dan dat Hy ook vir jou geleenthede voorsien wat jy moet gebruik. Is jy bereid en gereed tot diens?

Sing: Psalm 18:13,15

Ds P Venter (Rustenburg-Wes)